



**FRIESPERDTELEERSGENOOTSAP VAN SA  
FRIESIAN HORSE BREEDERS SOCIETY OF SA  
HENRY STRAAT 118  
POSBUS / P O BOX 1060  
BLOEMFONTEIN  
9300  
TEL: 051-4100954  
FAKS/FAX: 0865731021  
Epos: [alma@stemma.co.za](mailto:alma@stemma.co.za)**

---

---

## Nuusbrief Desember 2018

In hierdie nuusbrief:

1. Jaarlikse Toekennings
2. Magogong Skou 2018 uitsale
3. Nasionale Kampioenskappe 2019 Hopetown
4. Vergaderings en Administrasie
5. Kalender 2019



# JAARLIKSE TOEKENNINGS

Die Raad van die Friesperdtelersgenootskap van SA het dit goed gedink om vanaf 2018 Telers, Vertoners en perde te beloon vir hul harde werk en moeite om skoue bytewoon deur die volgende Toekennings te maak:



**VERTONER MET DIE MEESTE PUNTE, VERTONER VAN KAMPIOENE, TELER VAN KAMPIOENE, SKOU HINGS, SKOU PERD VAN DIE JAAR, PRESIDENTS TOEKENING**

Die Raad nomineer aan die begin van die jaar die Amptelike Skoue wat se uitslae in aanmerking geneem word vir berekening ten op sigte van die Toekenings.

## **Vertoner met die meeste punte**

Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken in Klasse en Kampioenskappe waar slegs die perd beoordeel word, dus Ruiterskuns Klasse en Kampioenskappe uit gesluit. Punte word as volg toegeken:

1ste- 5 punte

2 de- 4 punte

3 de- 3 punte

4 de- 2 punte

5 de- 1 punt

Die punte word vermenigvuldig met die getal deelnemers in die Klas of Kampioenskap sodat presteerders van groter klasse of kampioenskappe meer punte verdien as die perd wat alleen deel geneem het bv. 'n klas het 9 deelnemers die wenner kry 5 punte X 9 deelnemers = 45 punte vir sy eienaar soos aangedui op die inskrywings vorm van die skoue. Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Vertoner se finale punte vir die jaar te bepaal.

Die Amptelike Skoue vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:



## VERTONER MET DIE MEESTE PUNTE

		<b>2018</b>
<b>RANG</b>	<b>VERTONER</b>	<b>PUNTE</b>
1	JANSIE	1546
2	NOORDHOEK	385
3	JORAMI	287
4	E WERNIECH	281
5	PG LOUBSER	230
6	P STEENKAMP	215
7	KAVALO	184
8	MITARA	108
9	DR GERBER	102
10	BLOM BROERS	97
11	LOZZERIO	76
12	B WOLMERANS	67
13	FU STEENKAMP JNR	67
14	T BRINK	65
15	L DUKE	61
16	LOTUS STUD	59
17	E TERBLANCHE	52
18	M ROSSOUW	43
19	E MC DONALD	40
20	E LIEBENBERG	40
21	KYKMY STALLE	38
22	ELANZI	26
23	J BURGER	24
24	R NORRIS	24
25	L FOUCHE	23
26	M JAMNECK	22
27	D SWANEPOEL	21
28	GERT NELL BOERDERY	21
29	L MOORE	20
30	A PARKIN	18
31	M SYMINGTON	13

## **Vertoner van Kampioene**

Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir alle Kampioenskappe. Punte word as volg toegeken:

Kampioen- 2 punte

Reserwe Kampioen- 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die eienaar soos op die inskrywings vorm se finale punte vir die jaar te bepaal.

Die Amptelike Skoue vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:

<b>VERTONER VAN KAMPIONE</b>		<b>FINAAL</b>
<b>RANG</b>	<b>VERTONER</b>	<b>PUNTE</b>
1	JANSIE	36
2	PG LOUBSER	14
3	NOORDHOEK	9
4	E WERNIECH	8
5	P STEENKAMP/LOTUS STUD	7
6	JORAMI/KAVALO	6
7	T BRINK/M ROSSOUW	4
8	BLOM BROERS/M SYMINGTON/KYKMY STALLE/FU STEENKAMP JNR	3
9	G NELL/L MOORE/A PARKIN	2
10	C GERBER/LOZERIO/MITARA	1

## **Teler van Kampioene**

Punte word slegs op Amptelike skoue Toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Ag. Slegs die voorvoegsels soos op die skou uitslae van die perde verdien punte en nie die huidige eienaar of vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie voorvoegsels. Punte word as volg toegeken:

Kampioen- 2 punte

Reserwe Kampioen- 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Teler se finale punte vir die jaar te bepaal.

Die Amptelike Skoue vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:

## **TELER VAN KAMPIOENE**

<b>RANG</b>	<b>STOET</b>	<b>FINAAL PUNTE</b>
1	JANSIE	24
2	NOORDHOEK	22
3	VAN IMHOFF	11
4	OPKYK	9
5	IKAHAN QUISTADOR/VLAKFONTEIN	8
6	ESFANE	7
7	JORAMI/AVELEDA	6
8	LORIMA/KAVALO/JABULANI	5
9	HENSON/PELA GRACA	4
10	RONLIA/WELTEVREDE	3
11	ADELPRAG	2
12	BADEN/CYPLEO/LOZERIO	1

## **Skou Hings van die Jaar**

Die toekenning word gemaak aan 'n Hings wie se nageslag goed in die skou baan presteer, slegs Kampioene en Reserwe kampioene word in aanmerking geneem. Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klaver, Vierspan en die Span van Ag. Slegs die Vader van die perde verdien punte en nie die huidige Eienaar of Vertoner nie. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir hul onderskeie Vaders. Punte word as volg toegeken:

Kampioen- 2 punte

Reserwe Kampioen- 1 punt

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die Hings se finale punte vir die jaar te bepaal.

Die Amptelike Skoue vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:

## **SKOU HINGS**

<b>RANG</b>	<b>PERD</b>	<b>FINAAL PUNTE</b>
1	EIKEBOOM ROLAND-NOORDHOEK/J MOORE/P STEENKAMP	18
2	GEYERSPAN FALCOR-JANSIE	14
3	DRIES 421-PELA GRACA	9
4	ADELPRAG XANADU- VLAKFONTEIN	8
5	OPKYK TEUNIS-VAN IMHOFF/ BJORN VH GALGENDAAL-KAVALO	5

## DIE NAGESLAG VAN EIKEBOOM ROLAND:



Dit is nie 'n toekening nie, maar ons kan nie anders as om melding te maak van die volgende perde nie, wat gedurende 2018 elk twee kampioenskappe gewen het. Voorwaar ook 'n groot prestasie.



**JANSIE MARCUS**

**EERVOLLE VERMELDING**  
**JANSIE MARCUS- JANSIE**  
**PALCHER VAN PELA GRACA- JANSIE**  
**NOORDHOEK EAGLE- J MOORE**  
**JANSIE MALCOLM- T BRINK**  
**NOORDHOEK TOKS- NOORDHOEK**



**NOORDHOEK EAGLE**



**PALCHER V. PELA GRACA**



**NOORDHOEK TOKS**



**JANSIE MALCOLM**

## Skou Perd van die Jaar

Die toekenning word gemaak aan 'n perd wat die meeste punte kan insamel in Kampioenskappe, Punte word slegs op Amptelike Skoue toegeken vir al die Kampioenskappe, behalwe: Ruiterkuns, Klawer, Vierspan en die Span van Ag. Vir Dubbeltuig en Tandem verdien beide perde punte vir homself. Punte word as volg toegeken:

Kampioen- 5 punte

Reserwe Kampioen- 4 punte

3 de Kamp.- 3 punte

4 de Kamp.- 2 punte

5 de Kamp.- 1 punt

Waar twee perde dieselfde punte het word die perd wat meer maal geplaas is in kampioenskappe in die hoër posisie geplaas op die rang lys tussen die twee.

Al die Amptelike Skoue se punte word bymekaar getel om die perd se finale punte vir die jaar te bepaal.

Die Amptelike Skoue vir 2018 was Bloemfontein en Tulbagh en die uitslag is as volg:

### SKOU PERD VAN DIE JAAR

RANG	PERD	PLASINGS	FINAAL PUNTE
1	NOORDHOEK TOKKELOS- PIENAAR STEENKAMP	4	18
2	WELTEVREDE PARIS-JANSIE	5	17
3	ESFANE RISTA-JANSIE	4	14
4	JORAMI EAGER- PIENAAR STEENKAMP	3	13
5	IKAHAN QUISTADOR JENSE- E WERNIECH/JANSIE HILLARY/JANSIE DANQUA- JANSIE	3	11



**Noordhoek Tokkelos**

## Presidents Toekening

Dit is die Grootste toekening van die Jaar en kan gemaak word aan 'n Vertoner, Teler, Perd of Persoon wat in oordeel van die President en Raad in die betrokke jaar die hoogste sport bereik het.

### PRESIDENTS TOEKENING 2018

#### JAN & ANSIE DU PREEZ

#### VIR UITSONDERLIKE SKOU PRESTASIES GEDURENDE 2018

Die akkuraatheid van die punte toekennings is onderhewig aan die volledigheid en korrektheid van skou uitslae en die Vertoners se inskrywings vorms vir die skoue.. Die genootskap of Lede van die Raad aanvaar dus geen aanspreeklikheid vir 'n foutiewe berekening nie. Die Raad het dan ook besluit dat Vertoners wat tydens 'n skou oppak (ontrek) of hul skuldig maak aan swak gedrag tydens 'n skou, sy punte vir die toekennings sal verbeur.



VLNR: ERIKA WERNIECH, TIANA DEETLEFS( NAMENS JAN & ANSIE DU PREEZ), PIETER LOUBSER, JOHNNY MOORE, UYS STEENKAMP

Baie geluk aan almal wat goed presteer het gedurende die 2018 skou jaar, ons hoop dat die jaarlikse toekennings Lede sal aanspoor om aan skoue deel te neem in die toekoms. Die Raad het die volgende skoue genomineer vir 2019 se Toekennings: Hopetown, Tulbagh en Magogong. Hopelik is Stamboek se rekenaar program vir skoue binnekort ingebruik en kan daar nog skoue bygevoeg word.

Doen moeite en ondersteun die skoue, miskien is een van die toekenings in 2019 joune.



## Magogong Skou uitslae 2018

### Senior Kampioen merrie:

1. Jana – Fremar stoet
2. Van Weltevrede Paris – Jansie stoet
3. Tieneke E – Jansie stoet
4. Smitsvlei Corrie – Jansie stoet
5. Geyerspan Isodora – Jansie stoet

### Driegang, 5 jaar en oor H/R:

1. Auke V – Piece Haven
2. Pela Graca Palcher – Jansie stoet
3. Roodeplaat Vrede – Jason Burger
4. Jansie Fernando – Jansie stoet

### Merrie bo 1, maar onder 3:

1. Jansie ShereLynn – Jansie stoet
2. Jansie Dora Grace – Jansie stoet
3. Kylie – Fremar stoet

### Enkeltuig Universeel:

1. Bearend – Piece Haven
2. Benmar Black Meeco – Du Preezprag

### Merrie bo 3, maar onder 5:

1. Esfane Rista – Jansie stoet
2. Jansie Briquett – Jansie stoet
3. Benmar Black Uzitha – Du Preezprag
4. Tara van Weltevrede – Piece Haven
5. Rubyn – Simnell

### Driegang 5 jaar en oor, Merrie:

1. Geyerspan Tilda – Du Preezprag
2. Jansie Dinah – Jansie stoet
3. Jansie Runetta – Jansie stoet
4. Jansie Juanita – Jansie stoet
5. Mona – Liisa – Mitara stoet

### Hings bo 3, maar onder 5:

1. Pela Graca Zjordan – Jansie stoet
2. Frik – Fremar stoet
3. Jansie Zander – Jansie stoet
4. Neptune – Simnell
5. Jansie Lamorak – Jansie stoet

### Dubbeltuig, senior merries:

1. Jansie Runetta & Jansie Juanita – Jansie stoet
2. Jansie Dinah & Jansie Angelique – Jansie stoet
3. Jansie Hillary & van Weltevrede Paris – Jansie stoet



**SENIOR KAMPIOEN MERRIE  
JANA  
FREMAR STOET**

**Hings bo 1, maar onder 3:**

1. Boas – Mitara stoet
2. Jansie Summertime – Brendon Swarts
3. Jansie Diago – Jansie stoet
4. Jansie Hilary – Jansie stoet

**Junior kampioen merrie:**

1. Esfane Rista – Jansie stoet
2. Jansie Briquett – Jansie stoet
3. Benmar Black Uzitah – Du Preezprag
4. Robyn – Simnell
5. Jansie Dora Grace – Jansie stoet

**Tandem:**

1. Dante & Mceanon – Fremar
2. Plaaityjies & Utan – Fremar
3. Jansie Dinah & Jansie Angelique – Jansie stoet
4. Jansie Juanita & Jansie Runetta – Jansie stoet

**Junior Kampioen hings:**

1. Pela Graca Zjordan – Jansie stoet
2. Jansie Zander – Jansie stoet
3. Jansie Lamorak – Jansie stoet
4. Jansie Sumer time – Brendon Swarts
5. Jansie Diago – Jansie stoet

**Senior Dubbeltuig H/R:**

1. Dante / Mceanon – Fremar stoet
2. 2. Plaaityjies / Utan – Fremar stoet
3. Jansie Fernando / Falco Z – Jansie stoet
4. Jansie Pedro / Pela Graca Palcher – Jansie stoet
5. Jansie Marcus / Jansie Summer time – Jansie stoet

**Driegang, Kinder Ryperd o/18:**

1. Hector van Doordraai – Berne Wessels (Du Preezprag)
2. Benmar Black Sabrina – Nicole Wessels (Du Preezprag)

**Senior Enkelttuig, Merries:**

1. Jansie Charlise – Jansie stoet
2. Van Weltevrede Paris – Jansie stoet
3. Twiske – Fremar stoet
4. Jansie Angelique – Jansie stoet

**Junior dubbeltuig:**

1. Jansie Zander / Jansie Lamorak – Jansie stoet
2. Jansie Briquett / Jansie Rista – Jansie stoet



**JUNIOR KAMPIOEN MERRIE  
ESFANE RISTA  
JANSIE STOET**



**JUNIOR KAMPIOEN HINGS  
PELA GRACA ZJORDAN  
JANSIE STOET**

**Senior Driegang, Universeel:**

1. Bearend – Piece Haven
2. Leonard van Doorndraai – Piece Haven
3. Smitsvlei Corrie – Jansie stoet
4. Van Adelprag Lienke – Piece Haven

**Siertuig Merrie, 5 jaar en oor:**

1. Jansie Dinah – Jansie stoet
2. Geverspan Tilda – Du Preezprag
3. Jana – Fremar stoet
4. Jansie Juanita – Jansie stoet

**Senior enkeltuig, H/R:**

1. Jansie Fernando – Jansie stoet
2. Arthur – Simnell
3. Pela Graca Palcher – Jansie stoet
4. Hercules – Simnell
5. Xzavier Zavier – Du Preezprag

**Siertuig 5 jaar en oor, H/R:**

1. Perdeprag Lukas – Du Preezprag
2. Dante – Fremar stoet
3. Plaaityjies – Fremar stoet

**Dames Siertuig:**

1. Jansie Malcom – T. Brink
2. Perdeprag Lukas – Du Preezprag
3. Jansie Dinah – Jansie stoet

**Grootkampioen Klawer:**

1. Jansie Hillary / Jansie Angelique / van Weltevrede Paris – Jansie stoet
2. Jansie Dinah / Jansie Juanita / Smitsvlei Corrie – Jansie stoet
3. Dante / Mceanon / Utan – Fremar stoet



**SENIOR KAMPIOEN DRIEGANG  
UNIVERSEEL- BEAREND  
PIECE HAVEN**



**GROOTKAMPIOEN KLAWER  
JANSIE HILLARY/JANSIE ANGELIQUE/VAN WELTEVREDE PARIS  
JANSIE STOET**

**Universeel Enkeltuig, onder 5 jaar:**

1. Zeus – Simnell

**Junior driegang Universeel:**

1. Tara van Weltevrede - Piece Haven

**Junior Kampioen enkeltuig:**

1. Jansie Summer time – Brendon Swarts
2. Jansie Briquett – Jansie stoet
3. Jorami Henrico – JP Juebfch
4. Pegasus – Simnell
5. Jansie Charlie – T. Brink

**Siertuig, 5 jaar en onder:**

1. Jansie Lamorak – Jansie stoet
2. Jansie Malcom – T. Brink
3. Baden Jinx – Du Preezprag
4. Jansie Hillary – Jansie stoet
5. Esfane Rista – Jansie stoet



**JUNIOR KAMPIOEN ENKELTUIG  
JANSIE SUMMER TIME  
BRENDON SWARTS**

**Grootkampioen 4 span:**

1. Jansie Hillary / Jansie Dinah / Jansie Angelique / van Weltevrede Paris – Jansie stoet
2. Dante / Mceanon / Plaaitjies / Utan – Fremar stoet
3. Jansie Runetta / Jansie Juanita / Jansie Briquett / Esfane Rista – Jansie stoet



**Grootkampioen 4 span  
Jansie Hillary / Jansie Dinah / Jansie Angelique / van Weltevrede Paris  
Jansie stoet**

### Senior Kampioen hings:

1. Teune T – Fremar stoet
2. Auke V – Piece Haven
3. Bearend - Piece Haven
4. Jansie Franco – Jansie stoet
5. Toonen T – Fremar stoet

### Driegang, 5 jaar en onder:

1. Jansie Malcom – T. Brink
2. Baden Jinx – Du Preezprag
3. Jansie Zander – Jansie stoet
4. Jansie Briquett – Jansie stoet
5. Esfane Rista

### Grootkampioen Enkeltuig:

1. Auke v – Piece Haven
2. Arthur – Simnell
3. Jansie Angelique – Jansie stoet
4. Jorami Henrico – JP Juebfch
5. Jansie Sumer time – Brendon Swarts

### Grootkampioen driegang, Universeel:

1. Bearend – Piece Haven
2. Leonard v Doorndraai – Piece Haven
3. Tara v Weltevrede – Piece Haven
4. Smitsvlei Corrie – Jansie stoet
5. Lienke v Adelprag – Piece Haven

### Grootkampioen Dubbeltuig:

1. Jansie Angelique / Jansie Dinah – Jansie stoet
2. Jansie Fernando / Falco Z – Jansie stoet
3. Jansie Runetta / Jansie Juanita – Jansie stoet
4. Dante / Mceanon – Fremar stoet
5. Jansie Pedro / Pela Graca Palcher – Jansie stoet

### Grootkampioen Siertuig:

1. Perdeprag Lukas – Du Preezprag
2. Jansie Malcom – T. Brink
3. Dante – Fremar stoet
4. Jana – Fremar stoet
5. Jansie Hillary – Jansie stoet



**Senior Kampioen hings  
Teune T  
Fremar stoet**



**Grootkampioen Enkeltuig  
Auke V  
Piece Haven**



**Grootkampioen Dubbeltuig  
Jansie Angelique / Jansie Dinah  
Jansie stoet**



**Grootkampioen Siertuig  
PERDEPRAG LUKAS  
DU PREEZPRAG**

**Grootkampioen driegang, tradisioneel:**

1. Auke V – Piece Haven
2. Geyerspan Tilda – Du Preezprag
3. Jansie Malcom – T. Brink
4. Jansie Zander – Jansie stoet
5. Jansie Juanita – Jansie stoet



**GROOTKAMPIOEN DRIEGANG  
AUKE V  
PIECE HAVEN**

Baie geluk aan al die Vertoners wat presteer het en baie dankie aan almal wat die skou ondersteun het.

'n Woord van dank aan: die beoordelaars Leon Botha, Chrisjan Breedenkamp en Carine Stefanie.

Willem van Flaming Fire fotografie vir die fotos en Dirkie Mc Kensie vir die skou reelings.

'n Groot dankie aan Tiana Deetlefs vir al haar reëlings en vir die uitslae en fotos, baie dankie.

## **Nasionale Kampioenskappe 2019 Hopetown**

Die Nasionale Kampioenskappe vir 2019 sal saam met die jaarlikse Hopetown Landbou Skou plaasvind, vanaf Woensdag 13 Februarie tot Saterdag 16 Februarie 2019. Die genomineerde beoordelaars is Leon Botha, Le Roux Botha en Jaco Jonker.

Dit sal die eerste maal wees wat Hopetown skou ons Nasionale Kampioenskappe aanbied, maar dis nie die eerste maal wat die Friesperde op Hopetown skou nie. Die Skou Bestuur en Organiseerders van die perde afdeling het ons verseker dat die gemeenskap van Hopetown die Friesperde en hul Vertoners met ope arms in wag en die skou terrein word reeds voorberei vir groot feestelikhede.

Daar is karavaan staanplek beskikbaar op die skou gronde of sien die lys van verblyf opsies in en om Hopetown hier onder.



Die program en inskrywings is reeds uitgestuur, inskrywings sluit Donerdag 31 Januarie 2019 om 18:00. Inskrywings saam met die bewys van betaling kan na Pieter Loubser ge-epos word by [vanimhoffstud@gmail.com](mailto:vanimhoffstud@gmail.com)

Daar is 'n beperkte getal stalle beskikbaar, daar sal dus geen stalle vir "tackrooms" beskikbaar wees nie. Bespreek u stalle so gou as moontlik by Johnny Moore tel: (083) 280 6206

Kostes: 'n Fooi van R200 sal gehêf word per stal en inskrywings is R200 per inskrywing. Daar sal tydens die skou Lusern bale tekoop wees teen 'n billike prys. As u enige navrae het is u welkom om die volgende persone te kontak:

Poy Coetzee 082 550 5130  
Hopetown Skoukomitee

Johnny Moore 083 280 6206  
Stalbesprekings/Algemene Reëlings

Pieter Loubser 082 368 9856  
Inskrywings

Ons sien uit na 'n lekker skou saam met u.

## **Vergaderings en Administrasie**

Tydens 22 November 2018 se Raadsvergadering is die volgende besluit ten opsigte van kleredrag:

Tot op hede was Vertoners toegelaat om met 'n Kentucky pak in druifklasse (Enkeltuig/Siertuig) deel te neem. Vannaf 1 Januarie 2019 sal dit nie meer toegelaat word nie. Die korrekte kleredrag vir 'n druifklas is 'n Swart blazer (slegs genootskap sak wapen is toelaatbaar), withemp, genootskaps das/swartdas en 'n cream/ baige chino of kaki broek. 'n Hoed is verpligtend.

Tydens die AJV van 23 November 2018 is die volgende lede tot die raad verkies:

Sias Horn- President  
Tiana Deetlefs- Raadslid  
Celeste Steyn- Raadslid  
Pieter Loubser- Raadslid

Ons as Raad is bewus van baie agterstallige werk en het reeds begin om werk daarvan te maak.

Elna Lotter tree na 11 jaar uit as ons sekretaresse, ek wil haar graag bedank vir die werk wat sy vir ons Lede gedoen het en voorspoed en seën toewens op haar pad voorentoe.

Dit is ook dan aangenaam om vir Alma Marais, ons nuwe sekretaresse te verwelkom by die Friesperd familie. Alma het reeds weggespring en is hard besig om lede se besonderhede op datum te bring, ek glo en vertrou ons gaan baie lekker saam werk.

Alma kan gekontak word by

Whatsapp: 079 273 3072

Kantoor tel. no: 051 410 0954



Epos: [alma@stemma.co.za](mailto:alma@stemma.co.za)

U as lid kan ook self beheer neem van u data verwerking deur logix te gebruik. Logix is 'n aanlyn rekenaarprogram waar u geboortes kan aanmeld, deksertifikate uitreik, perde oordra na nuwe eienaars en afgestorwe perde kan kanselleer. Gaan na [www.logix.org.za](http://www.logix.org.za) en registreer as gebruiker, ek self gebruik al twee jaar logix en kan u met vrymoedigheid aanmoedig om dit te probeer.

Die finansiële komitee het besluit dat ledegelde en per kapitas in die toekoms op 1 Julie gehef sal word. Die kantoor sal vooraf aan u 'n kuddelyst stuur vir kontrole. Dit is u as lid se verantwoordelikheid dat al u oordragte en kansellasies voor 1 Julie op datum is, per kapitas sal gehef word vir alle perde op u kuddelyst op 1 Julie 2019.

Om 'n raadslid van die genootskap te wees hou geen voordele in nie, geen horariums of telefoon fooie word aan die einde van die jaar uitbetaal nie, jy is verantwoordelik vir jou eie reis en verblyfkostes met Raadsvergaderings, inligtingsdae en ander genootskapsaangeleenthede. 'n Raadslid van die Genootskap **dien** die Genootskap. Le Roux Botha het vir die afgelope 17 jaar ononderbroke die Genootskap en sy Lede op die raad gedien, waarvan 13 jaar as President., onder sy leierskap het ons Genootskap geweldig gegroei in getalle van Lede en perde, maar die Genootskap het ook emosioneel volwassenheid bereik met Le Roux se," laat die lig op almal skyn" benadering tot sake. Ek bedank vir Le Roux en ook sy vrou Karen, vir sy onbaatsigtelike diens aan die Genootskap vir amper die helfte van die genootskap se bestaan, dit was vir my 'n groot voorreg om saam met hom op die raad te dien. Baie dankie.

## Kalender 2019

<b>31 Januarie- 2 Februarie 2019</b>	<b>Bredasdorp Suidkaap Trekperd Kampioenskappe</b>	<b>Theda Radyn 079 279 2373</b>
<b>13-16 Februarie 2019</b>	<b>Hopetown Skou Nasionale Kampioenskappe</b>	<b>Poy Coetzee 082 550 5130 Johnny Moore 083 280 6260</b>
<b>21- 23 Februarie 2019</b>	<b>Williston Noordkaap Trekperd Kampioenskappe</b>	<b>Ernst Langer 084 730 9154</b>
<b>20-23 Maart 2019</b>	<b>Parys Horse and Wine</b>	<b>Klaas Venter 082 870 2912</b>
<b>28- 30 Maart 2019</b>	<b>Secunda- Streekskou</b>	<b>Gert Kotze 082 496 5295</b>
<b>14- 17 Mei 2019</b>	<b>Nampo Oesdag</b>	
<b>30-31 Augustus 2019</b>	<b>George Trekperd Skou</b>	<b>Morny Smit 082 854 4276</b>
<b>18- 21 September 2019</b>	<b>Tulbagh-Streek Skou</b>	<b>TEL NO: 023-2300189</b>
<b>19-21 September 2019</b>	<b>Secunda</b>	<b>Gert Kotze 082 496 5295</b>
<b>17-19 Oktober 2019</b>	<b>Magogong-Streek Skou</b>	<b>Dirkie Mc Kenzie 082 326 9117</b>
<b>Nov-19</b>	<b>AJV-Bloemfontein</b>	



Die kantoor sal vanaf 14 Desember 2018 tot 7 Januarie 2019 gesluit wees.

Ek wens vir almal 'n geseënde kersfees toe, geniet die vakansie en reis veilig.

Vriendelike groete

A handwritten signature in blue ink, appearing to be 'Pieter Louber'.

Pieter Louber